

Vry van die vloek

Jesus het buite die poort van Jerusalem gely om ons deur sy bloed van ons sonde te reinig. Soos die offerdiere se liggame as onrein buite die laer verbrand is, so moes Hy buite die poort ly. Hy is as 'n onreine, soos 'n melaatse, buite die mure van Jerusalem gekruisig.

Dat Jesus gekruisig is, het vir Paulus 'n spesifieke betekenis. Die kruis is soos 'n galg. 'n Gekruisigde is iemand wat opgehang word. Hy hang tussen hemel en aarde, so asof die aarde hom nie wil hê nie en ook nie die hemel nie. 'n Gekruisigde is uitgestoot uit elke gemeenskap.

In die Ou Testament (Deut 21:23) word God se vloek verbind aan iemand wat opgehang word: "... wie opgehang word, is deur God vervloek." Deur gekruisig te word het Christus ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring. Hy het in ons plek self 'n vervloekte geword (Gal 3:13).

Waarom is ons mense deur God vervloek? Ons lees vir die eerste maal van God se vervloeking net ná die sondeval (Gen 3:14, 17). In God se woorde aan Adam en Eva sit daar vervloeking. Dit is 'n verskriklike gedagte: Vervloek deur God!

Maar Jesus Christus het ook daarvoor nie teruggedeins nie. Hy het ons vrygemaak van die vloek van God!

Sing: Skrifberyming 5-2 :2, 4

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)

~~~~~